

## **DIE “RIGHT STUFF” - PRAATPAPIER**

### ***Vooraf wenke:***

- *Sit in ‘n kring of rondom ‘n tafel*
- *Hou dit gemaklik en eenvoudig*
- *Gee vir almal ‘n kans om te praat...en te **LUISTER!***

### **KOM SAAM**

- Wie is mense na wie jy opkyk? Wat die “regte goed (RIGHT STUFF)” het?
- Hoekom het daardie persoon die “regte goed”?
- Wat is die “regte goed” in jou oë?
- Wat is dinge wat jou pla die tyd van die jaar? Waartoe stres jy?
- Wat gee jou krag die tyd van die jaar?

### **LEES SAAM:**

Teksgedeelte 2 Korinthiërs 1:3 – 11, 18 - 22. Lees die gedeelte 2 keer, een keer hardop, een keer almal op hul eie.

- ✓ Wat hoor jy in die gedeelte? Wat tref jou? Watter emosies bring die gedeelte in jou op? Watter vrae?

### **PRAAT SAAM:**

- Wat wil Paulus vir ons sê oor moed en bemoediging in die lewe?
- Sou julle sê Paulus was iemand wat die “regte goed” gehad het?
- Is daar ander karakters in die Bybel wat soos Paulus die “regte goed” gehad het?
- Watter belofte is in vers 18 – 22 oor God en Jesus en die Gees in ons lewens?
- Wat wil die BYBEL ons leer oor God en moed en bemoediging?
- Wat wil vers 6 – 7 en 11 vir ons vertel oor ONS rol in bemoediging?
- Waar kan jy die “regte goed” kry vir die dinge waar JY bemoediging nodig het?
- Waar kan jy vandag die “regte goed” WEES?

### **BID SAAM:**

- **Dankgebed** - Here dankie dat U die RIGHT STUFF in my lewe is EN bring.
- **Oorgee-gebed** - Help my om die RIGHT STUFF te wees in my maat, gesin, vriende, kollegas, gemeenskap se lewe.
- **Bid vir mekaar en jou verhoudings**
- **Seëngebed (Seën mekaar elke oggend so)** – Jy het die RIGHT STUFF – gaan WEES dit!

### **LEEF SAAM:**

- ❖ Bemoedig elke dag die week iemand in jou gesin, vriendekring en/of buurt deur vir hul te bid (in jou stiltetyd of VIR hulle!) EN stuur of gaan vat ook vir hul ‘n boodskap van bemoediging deur ‘n blommetjie, klein geskenke of beter deur net by hul te wees.
- ❖ Maak tyd om die dinge te doen wat God se RIGHT STUFF in jou lewe gaan bring.